AANHANGSEL 2 TOT "ENEMY WITHIN - BLOOD LINE CURSES"

BLOEDLYNVLOEKE – OM GEBREEK TE WORD IN DIE BAARMOEDER

(Per hoofkategorie)

Jesus Christus, in U naam en deur die kragtige werking van die Heilige Gees, kom ons nou teen bloedlynvloeke waarvan die geestelike saad geval het in hierdie menses se siel en liggaam by konsepsie in die baarmoeder.

Here Jesus ons vra om vergifnis vir die sondes en ongeregtighede van ons voorgeslagte wat hierdie vloeke oor ons gebring het en vra dat U (Jesus) ons sal was met U Bloed. Ons vergewe ook ons voorgeslagte vir hul sondes en stel hulle geheel en al vry.

Ons vra nou Jesus dat U deur die kragtige werking van U Heilige Gees, hierdie mense in die gees sal terugneem na die tyd net voor konsepsie in die baarmoeder. Ons vra dat U Jesus, vir hulle in die gees sal wys hoe staan U met hul pa se spermsel in U regterhand en hul ma se eiersel in U linkerhand. Dit verwys na die oomblik net voor konsepsie plaasgevind het in die baarmoeder.

Jesus, ons verklaar oor al hierdie mense wat U vir Jeremia in Jeremia 1 vers 5 gese het naamlik dat U hulle reeds geken het voordat U hulle in die moederskoot gevorm het en dat U hulle reeds voor hulle geboorte aan U gewy het en aan hulle 'n goddelike roeping as Koning, Priester en Profeet in U Koninkryk van die Lig gegee het.

Ons vra dat U hulle nou die krag sal gee om hulle eie hande onder U hande in te sit waarmee hulle wys dat Hulle ook graag gevorm wil word in die baarmoedre van hulle moeder en dus self ook hierdie konsepsie ondersteun.

Ons vra dat U hulle nou die krag sal gee om hulle hande (met U hande tussenin) bymekaar te bring en hul handpalms teen mekaar te druk (wat nou konsepsie simboliseer).

(Indien daar enige mense is wat hul handpalms nie teen mekaar kan druk nie moet daar gebid word teen verwerping en "unwantedness" want die babatjie se gees het waarskynlik opgetal dat sy ouers hom nie beplan het of nog nie gereed was om hom/haar te he nie. Spree kook enige demone en/of demoniese sielskopiee van verwerping aan en bind hulle. Indien die persoon steeds nie hulle hande bymekaar kan bring nie – gaan bloot vort met die gebed en breek dan die bloedlynvloeke oor die sperm en die eiersel voor konsepsie.)

Die volgende bloedlynvloeke (die saad waarvan geval het in die baarmoeder by konsepsie) word nou hiermee uitgekanselleer in die baarmoeder en by konsepsie oor almal hier teenwoordig en oor hulle kinders en nageslagte tot in alle ewigheid deur die Bloed van Jesus, die Lam wat vir ons geslag is:

1. Verwerping en die vestings van Jezebel en Agab

Ons kom teen die bloedlynvloeke van Jezebel wat sy wortels het in verwerping en seerkry. Ons kanselleer en sny die vyf (5) koorde van Jezebel naamlik verwerping,

Copyright - Ignited in Christ – February 2016

manipulering, kontrole, dominering en intimidasie, heksery, seksuele onreinheid en immoraliteit (wellus) en godsdiens.

Ons kom ook teen minderwaardigheid, onwaardigheid, ‘n lae selfbeeld, die onvermoë om liefde te gee en liefde te ontvang (liefdeloosheid), rebellie, perfeksionisme, onvergewingsgesindheid, bitterheid, ontkenning, jaloesie, wantroue, veroordeling, selfveroordeling, skuldgevoelens, kritiek, foutvindery, verleiding (seksueel en andersins), self-skending sowel as die “slagoffer” en “weeskind” gees en mentaliteit.

Ons kom teen die vloek van Agab (wat die teenoorgestelde van Jezebel is maar wel ‘n soortgelyke boosheid) wat bestaan uit en insluit passiwiteit, emosieloosheid, gevoelloosheid, vrees vir mense, vrees vir konflik, vrees vir verwerping, vrees vir mislukking, vrees vir die opinie van mense, vergeetagtigheid, besluiteloosheid, “people-pleasing”, die tref van kompromieëmet wat reg is en die gebrek aan identiteit en outoriteit in Christus. Ons kom teen die feit dat Agab altyd die vrede wil bewaar (wat ‘n demoniese vrede is) in plaas daarvan om aktief mee te werk tot Goddelike en ware vrede. Ons kom ook teen selfverwerping, selfhaat, selfbejammering, hopelooshied en gebrokenheid en verklaar dat al hierdie bloedlynvloeke wat as deel van die vestings van Jezebel en Agab in die bloedlyne afgekom het nou uitgekanselleer is met Jesus se Bloed.

2. Seksuele onreinheid en immoraliteit

Ons kom teen enige vloeke van seksuele immoraliteit en onreinheid wat deur die bloedllyne gekom het asook enige saad van Asmodee (die demoon), wellus, pornografie, masturbasie, verkragtiing, sodomisering, molestasie, pedofilie, homoseksualiteit en lesbianisme, seksuele verwarring, bestialiteit, bloedskande, owerspel, egskeiding, buite-egtelike verhoudings, seksuele omgang buite huweliksverband, seksuele perversie, ontbloting en enige ander vorm van seksuele onreinheid. Enige saad van enige van hierdie vloeke sal nou sterf en sal nie verder groei nie.

3. Okkultisme/Heksery

Ons kom teen die bloedlynvloeke van heksery (hetsy in die vorm van swart toordery, wit toordery, rooi indiaanse toordery of grys toordery), Wicca, Afrika heksery en die aanbidding van voorvader- of watergeeste, druidisme, satanisme, waarseëry, oproep van geeste, die vals drie-eenheid van die Katolieke Kerk (die aanbidding van Moeder Maria (die Babiloniese Hemelkoningin of Semiramis) die vals Jesus en die sogenaamde “heiliges” of “saints”), New Age, Kabbalisme, die vloek van die Antichris en “Paganism” (of heidense gelowe).

Enige rituele wat gedoen is, bloedverbonde wat gesluit is en vloeke wat gespreek is waardeur die nageslagte van die mense wat betrokke was ingesluit is in enige bloedlynvloeke van dood, vernietiging (in gees, siel en liggaam) of op enige manier toegewy is aan Satan en sy koninkryk, word gekanselleer met die Bloed van Jesus.

Copyright - Ignited in Christ – February 2016

Enige roeping aan die kant van die duisternis en enige geestelike name gegee deur die koninkryk van die duisternis waardeur ‘n toewyding aan Satan en sy koninkryk geskep is word gekanselleer met die Bloed van Jesus en nietig verklaar.

Enige vloeke gespreek oor die kinders en afstammelinge van die mense wat in die heksery betrokke was (ongeag die bewoording of inhoud) word nietig verklaar in die naam van Jesus en deur die kragtige werking van Sy Bloed.

Enige geestelike spelde en naalde waarmee gif in die sielsdimensies en liggame van die afstammelinge van die mense wat met heksery betrokke was ingespuit is word nou uitgetrek in die naam van Jesus Christus en die gif geneutraliseer met Jesus se Bloed.

Enige okkultiese gedagte-beheer en programmering wat afgekom het met die bloedlyne (as gevolg van heksery of aanbidding van Satan deur die voorgeslagte) word uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

4. Valse gelowe en kultusse

Ons kom teen enige valse gelowe wat deur die voorgeslagte beoefen is ingesluit enige vorm van afgodsaanbidding, aanbidding van die songod (Rah, Baal of Molech), aanbidding van die maan en sterre (ook die maangodin Astarte of Ashterof), aanbidding van die natuur, aanbidding van die mens as sy eie god, Hinduisme, Buddhisme, Islam, Judaisme, New Age, Ou Apostels en enige ander valse geloof of kultus.

Ons kom teen enige kinderoffers, enige bloedoffers, die drink van bloed, kannibalisme, bloedverbonde wat met Satan gesluit is, die offer van mense of babas (of gehele bloedlyne) in die gees vir Satan, enige Antichris satanistiese gedagte beheer of programmering om die persoon en sy/haar nageslag toe te wy aan Satan.

Ons kanselleer enige vloeke wat die Baalpriesters en/of die priesters van Molech oor die nageslagte van die mense wat kinders ten offer gebring het gespreek het ten einde hulle in geestelike, psigiese of liggaamlike slawerny teenoor Satan te hou.

Ons kanselleer ook uit die aanbidding van die vals drie-eenheid wat in die Babiloniese tyd begin het as Nimrod, Semiramis en Tammuz en later in Egipte bekend gestaan het as Isis, Osiris en Horus asook onder enige ander naam of kultuur wat dit ook nog bekend gestaan het. Enige toewyding van die nageslagte deur rituele en vloeke aan die valse drie-eenheid (waarvan Kundalini ook deel is) word uitgekanselleer met Jesus se Bloed.

Ons verklaar dat die Bloed van Jesus betaal het vir all die menslike bloed wat gevloei het tydens enige Satansaanbidding in die voorgeslagte.

Copyright - Ignited in Christ – February 2016

5. Geheime organisasies

Ons kom teen alle geheime organisasies waarin die voorgeslagte betrokke kon gewees het waar enige god anders as God drie-enig en Jesus Christus (as die seun van God) vereer is insluitend Vrymesselary, die Knights Templars, die Jesuite, die Rosicrucians, Skull en Bones ens. ('n elementêre kennis van hierdie geheime organisasies en hoekom hul nie die Lewende God, Jesus Christus, eer nie is nodig.)

In Vrymesselary, kom ons teen die Skotse, die York en die Egiptiese rites sowel as elke graad wat die voorgeslagte behaal het in Vrymesselary. Elke graad in Vrymesselary en elke rite word spesifiek nou uitgekanselleer met die Bloed van Jesus. Elke ritueel en gebed ter ere van die "groot argitek van die heelal", insluitende enige medaljes, voorskote, sertifikate en titels in Vrymesselary word uitgekanselleer met Jesus se Bloed.

Ons kom ook spesifiek teen die bloedlynvloeke van die Broederbond en die Ossewabrandwag. Ons bely en verklaar dat hierdie uiters onheilige organisasies was en dat hulle "Afrikaner Nasionalisme" bo Jesus Christus gestel het en dus aanbid het. Ons kanselleer die trots, hoogmoed, onleerbaarheid, hardkoppigheid, vreesloosheid, rassisme, meerderwaardigheid, die onregverdige bevoordeling en bevoorregting, die moord en bloedvergieting, die wellus vir mag en sukses en die ongoddelike geloof dat die Afrikaner die uitverkore volk van God in Suid-Afrika is en dat alle ander kultuurgroepe minderwaardig tot die Afrikaner is. Ons bely en vra om vergifnis vir die feit dat die Broederbond die Afrikanerkerke beheer en manipuleer het om godsdienstige dogma te aanvaar en na te volg wat nie U Jesus Christus geeer het nie. Ons kom ook spesifiek teen die onregverdige en diskriminerende geloofsisteem van "apartheid" waardeur baie mense seergekry het, benadeel is en selfs hul lewens verloor het.

Ten opsigte van enige mense wat Duitse bloed in hulle het, kanselleer ons spesifiek die bloedlynvloek van Nazisme en *Liebetrau* asook enigiets wat daarmee saam gaan insluitende die heksery, die meerderwaardigheid, rassisme, die trots en hoogmoed, die moord en bloedvergieting asook die rassisme en anti-semitisme en die geloof dat daar 'n "arise ras" is wat beskerm en bevoordeel moet word. Ons plant Jesus se kruis tussen hierdie mense en Hitler en sy Derde Mag asook die SS en die swastika en ons sny alle onheilige sielsbande in die gees.

Ons kanselleer die vloeke wat ingekom het in hierdie mense se siel en liggaam as gevolg van hul voorgeslagte se betrokkenheid in hierdie geheime organisasies en enige geestelike saad wat geval het van enige van hierdie geheime organisasies sal nou sterf en nie langer groei nie.

Ons kanselleer spesifiek enige eed wat gemaak is (in samewerking met demoniese rituele wat gedoen is) om die nageslagte (kinders) onder hierdie vloeke in te bind en te verbind aan Satan op enige manier in gees, siel of liggaam.

Copyright - Ignited in Christ – February 2016

6. Die "Lewis" vloek

Ons kanselleer die Lewis vloek (wat deel vorm van die vloek van Vrymesselary) wat 'n effek het op 'n persoon se siel en liggaam sowel as geestelik deur die Bloed van Jesus Christus.

Ons kom teen die onvermoë om geestelike deurbrake te ervaar en ook die onvermoë om jou eie indentiteit en outoriteit in Jesus te vind. Ook die onvermoë om stabiele en konstante verhoudinge te hê, konflik, egskeiding, vroeë dood van kinders en voortydige dood van volwassenes, ongelukke, dood van eersgeborenes, miskrame, onvrugbaarheid, aborsie, dat die persoon nie sal trou nie, buite-huwelikse verhoudings, finansiele armoede, depressie, selfmoord sowel as verskeie geestelike, emosionele, intellektuele en fisiese krankhede (siektes) soos bv. rugprobleme, arthritis, kanker, diabetes, hoë cholesterol en hoe bloedddruk, hartprobleme en hart aanvalle, asemhalingsprobleme insluitend sinus, asma, brongitis en longprobleme soos bv. longontsteking …….(noem siektes en swakhede wat bekend is aan die bloedlyn).

7. Oorlog, Moord, Geweld, Bloedvergieting, Bloedlus

Die vestings van Thor en Mars, ingesluit oorlog, moord, geweld, bloedlus, dood, vernietiging, rebellie, weerwraak, opstand, oosterse gevegskunste, bloedvergieting, verkragting, aborsie en konflik word hiermee uitgekanselleer deur die Bloed van Jesus en nietig verklaar in Sy naam. Ons verklaar dat daar vir al die onskuldige bloed wat vergiet is deur die voorgeslagte betaal is deur die Bloed van Jesus.

8. Dood en Vernietiging

Ons kom spesifiek teen enige vloeke van dood en vernietiging wat in die bloedlyne afgekom het as gevolg van dood en vernietiging wat plaasgevind het in die tyd van die voorgeslagte en kanselleer dit nou geestelik, emosioneel, intellektueel en fisies deur die Bloed van Jesus.

9. Haat, woede, aggressie

Alle haat, woede, aggressie, ongeduld, irritasie, onvergewingsgesindheid, bitterheid, frustrasie, argumentering, konflik, trauma, skok en mishandeling wat plaasgevind het in die lewens van die voorgeslagte en wat 'n vloek veroorsaak het in die bloedlyne word hiermee uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

10. Spanning, vrees, angs, paranoia

Alle vorme van spanning, vrees, angs en paranoia wat in die bloedlyne afgekom het word uitgekanselleer met die Bloed van Jesus, ingesluit die vrees vir mense, vrees vir mislukking, vrees om nie goed genoeg te wees nie, vrees vir die toekoms, vrees vir die donker, vrees vir slange, insekte, reptiele, die onbekende, vrees vir verwerping en vrees vir dood of ongelukke ens.

Copyright - Ignited in Christ – February 2016

Angs, spanning en paranoia in enige vorme word ook uitgekanselleer met Jesus se Bloed.

11. Verslawings

Enige verslawings aan enige middels of slegte gewoontes wat in die bloedlyne afgekom het ingesluit alkohol, rook, dwelmmiddels, medikasie, kos, inkopies ens. word hiermee skoongewas met die Bloed van Jesus.

12. Mammon

Die vesting van Mammon wat insluit die strewe na mag, status, posisie, statuur, sukses en die goedkeuring en erkenning van mense en enige onheilige kompetering, gierigheid, materialisme ens. word hiermee verklaar as afgodery en word geheel en al uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

13. Trots en hoogmoed (Leviathan)

Die vesting van Leviathan bestaan uit trots/hoogmoed, onleerbaarheid, uitdagendheid, arrogansie, meerderwaardigheid, eiegeregtigheid, hardkoppigheid, selfgesentreerdheid, Leviathan, Python, rassisme, die “mocking spirit”, ‘n weet-alles benadering en rebellie teen God en aardse gesag word hiermee uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

14. Geheimhouding

Ons kom teen die demoniese vesting van ontkenning, gebrek aan herinnering, gevoelloosheid, enige eed van geheimhouding of stilswye geneem deur die voorgeslagte asook vergeetagtigheid en die gebrek aan herinneringe. Hierdie vloeke word uitgekanselleer met die Bloed van Jesus. Enige sluier van geheimhouding en stilswye ten einde enige sonde of ongeregtigheid bedek of verskuild te hou word hiermee opgelig en opgeskeur deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

15. Godsdiens

Bloedlynvloeke van godsdiens, tradisie en dogma, skynheiligheid en valsheid word hiermee uitgekanselleer met die Bloed van Jesus. Die sluier van godsdiens en die Hemelkoningin (Semiramis van die Babiloniese tyd) wat in plek geplaas is deur die heidense ritueel van die doop van babatjies deur besprinkeling met water word ook hiermee verwyder deur die kragtige werking van Jesus se Bloed en de Heilige Gees.

16. Misleiding, Leuens, Verwarring en Gedagte-beheer

Die vesting van Lucifer en van Kundalini, wat bestaan uit misleiding, leuens, verwarring en gedagte-beheer, dwaling, onsekerheid en twyfel, die onvermoë om jou eie identiteit en outoriteit in Christus te besef – dit alles word uitgekanselleer met Jesus se Bloed.

Copyright - Ignited in Christ – February 2016

17. Finansiele armoede

Enige finansiele vloeke, insluitende finansiele armoede, om nie sukses te kan behaal nie, die onvermoë om behoorlike finansiele besluite te neem, gebrek aan deurbrake in besigheid en werksverband, besluiteloosheid, gedurige uitstel, ens. word alles uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

18. Ongelukke

Enige vloek wat bestaan uit die dood van kinders of the ontydige en voortydige dood van volwassenes asook enige vloek van ongelukke op enige manier denkbaar (insluitend motorongelukke) word hiermee gekanselleer met die Bloed van Jesus.

19. Krankheid (siekte)

Die bloedlynvloek van krankheid in gees, siel en liggaam word hiermee uitgekanselleer met die Bloed van Jesus en spesifiek ook die volgende siektes en krankhede wat met die bloedlyn afgekom het:

<u>Geestelik, intellektueel en emosioneel</u>

Depressie, selfmoord, selfmoordgedagtes, schizofrenie ….. Enige ander wat duidelik is uit die familie geskiedenis:

……
……

<u>Fisies</u>

Enige siekte of krankheid in die persoon asook in die familiegeskiedenis soos bv. kanker, artritis, rugprobleme ... (enigiets):

……
……

20. Die vloek van die "nabye sukses sindroom"

Ons breek die vloek van die NSS wat deur die bloedlyne gekom het as gevolg van onvergewingsgesindheid, ongehoorsaamheid aan Jesus op enige manier, rassisme ens. Die doel van die vloek is om die persoon te verhoed om deurbrake in enige deel van hul lewens te bereik maar spesifiek om die persoon te verhoed om op te staan in hul roeping en skeppingsdoel in Jesus Christus. Hierdie vloek word gekanselleer deur die Bloed van Jesus en geheel en al nietig verklaar in Sy naam. Ons verklaar dat dat al hierdie mense nou in staat sal wees om op te staan in die volheid van hul individuele roepings in Christus op aarde en dat geen strategieë van die vyand dit langer sal verhoed nie.

21. Saad van die Nephilim

Ons kanselleer hiermee die saad van die Nephilim (asook die "Hybrids") wat in die mens se geestelike DNA ingekom het vanweë die voorgeslagte se sonde van seks met

Copyright - Ignited in Christ – February 2016

demone waardeur die menslike geestelike DNA besmet is met die saad van Satan. Daardie saad sal nou geestelik, emosioneel, intellektueel en liggaamlik sterf en sal geen verdere effek he nie.

Ons vra Jesus dat U Bloed sal betaal vir al die onskuldige menslike bloed wat vergiet is deur ons voorgeslagte as gevolg van oorlog, moord, geweld, onvergewingsgesindheid, haat, rassisme, weerwraak, ens. Ons vra dat U Bloed sal veroorsaak dat die bloed van die mense wat deur ons voorgeslagte doodgemaak is nie meer sal uitroep van die aarde af om vergelding nie want U het vir hul geregtigheid gebring deur die prys wat U betaal het aan die kruis.

Jesus Christus, in U naam, sny ons nou alle onheilige sielsbande tussen onsself en ons voorgeslagte wat in sonde geleef het en aan U ongehoorsaam was. Ons plant nou U kruis tussen ons en hulle in die gees.

Ons beveel nou enige saad van hierdie vloeke wat in ons sielsdimensies en liggaame ingekom het (so vroeg as konsepsie in die baarmoeder) om te sterf en ons verklaar dat dit nie sal wortelskied en verder groei nie.

Ons vra U Here Jesus om nou alle demone en DSC's uit ons en ons kinders uit te ruk wat in ons sielsdimensies en liggame ingekom het by konsepsie, hoofsaaklik gebaseer op die bloedlynvloeke wat nou reeds gebreek is en wat dus geen ander regte in ons het nie.

Ons vra ook vir U Here Jesus om nou ons en ons kinders se geestelike DNA te herstel en terug te neem na die oorspronklike bloudruk wat U vir ons lewens gehad het voordat die vyand in ons voorgeslagte gekom het om te steel, te moor en uit te roei en te vernietig. Was asseblief alle ongeregtigheid, siekte en krankhede uit ons geestelike DNA en heilig dit met U kosbare Bloed.

Ons verklaar in geloof die woorde van Paulus in Efesiers 3:20 oor hierdie gebed naamlik dat Jesus, deur Sy krag wat in ons werk, in staat is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink. Daarom vra ons Here Jesus dat U in U genade die leemtes van hierdie gebed sal kom aanvul en alles sal kom doen wat U vandag vir hierdie mense, individueel en gesamentlik, beplan het.

Ons verklaar dat hierdie konsepsie (asook die van ons kinders en ons hele nageslag) nou geheilig is en skoon gewas is met die Bloed van Jesus.

Ons seël ook nou hierdie konsepsie af met die Bloed van Jesus en verklaar dat die vyand nooit weer in staat sal wees om te steel, dood te maak en te vernietig op grond van hierdie bloedlynvloeke wat nou oor hierdie mense se lewens gekanselleer is nie.

Ons vra u nou Jesus Christus om ons bloedlyne en die bloedlyne van ons kinders (tot in alle ewigheid) te seën en ons verklaar dat ons bloedlyne net aan U behoort en van nou af Goddelike bloedlyne sal wees, beseël met die Bloed van Jesus.

ALLE GLORIE EN EER AAN GOD DIE VADER, SY SEUN JESUS CHRISTUS, DIE HEILIGE GEES EN DIE KRAG VAN VAN JESUS SE BLOED!

Copyright - Ignited in Christ – February 2016